027-712 8000

Hendrik J Visser-gebou, van Riebeeckstraat

info@namakwa-dm.gov.za

www.namakwa-dm.gov.za

06 December 2022
Vir Onmiddelike Vrystelling

MEDIA VERKLARING: NAMAKWA DM SPOG WÉÉR MET SKOON OUDIT VIR 2021/2022 FINANSIËLE JAAR

Die Namakwa Distriksmunisipaliteit het vir die tweede agtereenvolgende jaar ‘n skoon oudit van die kantoor van die ouditeur-generaal (OG) ontvang.

Die oudituitkoms het onveranderd gebly vanaf die 2020/2021 finansiële jaar as ongekwalifiseerd met geen bevinding nie.

'n Skoon ouditmening wat vir die 2021-2022-boekjaar verkry is, bevestig dat die ouditeur-generaal van mening is dat die munisipaliteit se finansiële state en bestuursake redelikerwys vermeld is en vry is van wesenlike wanvoorstelling.

Daarbenewens beteken dit ook dat die ouditspan geen noemenswaardige probleme met die interne beheerraamwerk geïdentifiseer het nie, en hiermee vertroue in die bestuur van die munisipaliteit uitgespreek het.

Die belangrikheid van 'n skoon oudit strek verder as wetgewende nakoming en die vermyding van fiskale boetes. 'n Skoon oudit dui verder op munisipale deursigtigheid, een van die belangrikste boustene van demokrasie.

Volgens mnr. Rajiv Datadin, hoof finansiële beampte van NDM, is dit voorwaar 'n uitmuntende prestasie om vir twee agtereenvolgende jare 'n skoon oudit te verwerf. Ons as NDM-span sien jaarliks die ouditproses deur die OG as 'n geleentheid om enige tekortkominge in die munisipaliteit se interne prosesse en kontroles te identifiseer, reg te stel en daarop voort te bou om die munisipaliteit tot hoër hoogtes te neem. "Baie dankie aan elke personeellid wat 'n belangrike rol gespeel het om die skoon oudit te verwerf".

NDM wil ook Hantam munisipaliteit gelukwens met hul skoon oudit vir die tweede agtereenvolgende jaar. NDM is baie trots op dié plaaslike munisipaliteit.

Einde

Vir alle media navrae kontak:
Jodine Cloete
Kommunikasie Beampte
027 712 8000/ jodinec@namakwa-dm.gov.za